Graad 10 – Semantiek

OPDRAG: Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord dan die vrae:



Bron: *Die Huisgenoot*, 28 April 2016

1. In die advertensie is daar verskeie woorde waarvoor jy homonieme ken. Maak sinne met die homonieme van die volgende 4 woorde (om jou te help is hulle in die teks onderstreep) (5)

1.1 wees (in die praatborrel)
1.2 kan (in die praatborrel)
1.3 by (in die paragraaf)
1.4 meer (in die paragraaf)
1.5 deur (in die praatborrel)

1. Die dogter op die foto is duidelik nog in die laerskool. Watter woord sou sy eerder in die plek van **onderwyser** gebruik? (1)

2. Met watter woord sou jy **kinders** binne die konteks van haar sin kon vervang? (1)

3. Sê in jou eie woorde hoe help ‘n mens iemand om sy potensiaal te bereik. (1)

4. Kies die woord in die dogter se praatborrel wat die beste in haar sin sal pas. (1)

5. Wat noem ons sulke woorde wat dieselfde klink, maar heeltemal verskillend gespel word en ook heeltemal verskillende betekenisse het? (1)

6. Die laaste nege jaar (in die paragraaf) klink effens anglisisties. Verbeter die sin deur ‘n beter woord vir **laaste** voor te stel. (1)

7. Skryf antonieme neer vir die onderstreepte woorde in die sinne uit die teks:
8.1 Ons het reeds <u>meer</u> as R 3,5 miljoen in skoolfooie betaal. (1)
8.2 Die <u>wenners</u> wil bydra tot ’n beter Suid-Afrika. (1)

8. Gebruik ‘n agtervoegsel om ‘n antoniem vir betrokke te vorm (1)

9. Met watter woord sou jy betrokke in die laaste sin van die teks kon vervang? (1)

10. Soek woorde in die paragraaf met die volgende betekenis:
11.1 om jou heeltemal oor te gee aan iemand of iets se belange. (1)
11.2 om iets aan die gang te sit. (1)
11.3. om namens jou die koste te betaal. (1)

11. Verduidelik hoe die opskrif letterlik (denotatief) of figuurlik (konnotatief) verstaan kan word. (2)

[20]